
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Die Invulling van die Heilige Gees

"...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom (Hand. 1:8)..."

Ek het verstaan dat ek die Heilige Gees ontvang het toe ek `n Christen geword het", is dikwels die redenasie van mense as jy hulle vra of hulle al met God se Heilige Gees vervul is. Dit is `n geestelike wet dat ons van God ontvang in ooreenstemming met wat ons vra (Matt. 7:7 en 8). As ons dan nie weet van die doop in die Heilige Gees waardeur ons krag van God ontvang nie, sal ons ook nie daarvoor vra nie, en dit volg daarop dat ons dit nie sal ontvang nie.

Wanneer jy tot bekering/ wedergeboorte kom, is dit baie beslis die werk van die Heilige Gees … **En niemand kan sê dat Jesus die Here is, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:3).** Maar hierdie is bloot die *inleidende* werk van die Heilige Gees in die gelowige se lewe. Ons kom nou by die *kraggewende* werk van die Heilige Gees in die gelowige se lewe…… **Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur (Luk. 3:16).** Laat ek hier net iets pragtig aan jou verduidelik wat vir my ontsettend baie beteken het.

1. Wanneer ons wedergebore word, doop die Heilige Gees ons in Jesus Christus in, òf, anders gestel, *IN Sy Liggaam in.*

2. Wanneer ons *vervul word met die Heilige Gees, doop Jesus ons in die Heilige Gees in.* Jesus Self het aan Sy dissipels (en jy is ook een as jy `n kind van God is) hierdie ondervinding belowe toe Hy aan hulle gesê het: **maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom (Hand. 1:8).**

Wanneer ons ons lewens en ook byeenkomste wil rig op Bybelse grondslag soos dit heel aan die begin was, is die boek Handelinge ons enigste hulpmiddel, en as jy hierdie Bybel ernstig gaan lees, gaan jy vind dat daardie mense se lewens en byeenkomste heel anders was as die van die meeste kerkgangers van ons tyd. Daar was vuur en ywer en entoesiasme en krag, want die doop in die Heilige Gees was vir hulle `n LEWENDE WERKLIKHEID. Dis tog hoe ons lewens ook moet wees! In die boek Handelinge vind ons vyf gedeeltes waarin die vervulling van die Heilige Gees beskryf word. Laat ek hulle vir jou kortliks noem en opsom.

Nadat Jesus opgevaar het Hemel toe, het Hy die Heilige Gees gestuur net soos Hy Sy dissipels belowe het in Johannes 16:7-15. Die Heilige Gees was net eenkeer uitgestort, en dit was op Pinksterdag. (Hand. 2:1 tot 21) Die Heilige Gees is uitgestort op die 120 persone wat byeen was in die BO-vertrek en hulle het almal in ander tale begin spreek. Hand. 8:4 tot 17: Filippus preek onder die Samaritane en daar is geestelike oplewing. Wonders en tekens volg op Filippus se prediking; Petrus en Johannes kom toe van Jerusalem om die doop in die Heilige Gees te bedien aan die bekeerlinge want, volgens die Bybel het Hy toe nog op niemand geval nie. Hand. 9:1 tot 19: Die bekering, genesing en doop in die Heilige Gees van Saulus wat Paulus geword het. Die Here het hom geroep tot inkeer oppad na Damaskus, hy word genees van blindheid en gevul met die Heilige Gees toe Ananias hom besoek en vir hom gebid het. Sy lewe is verander van `n dooie godsdiens tot `n magtige werktuig van God.

Hand. 10:34 tot 46: Petrus preek vir die huishouding van Cornelius. Daar is vergifnis van sonde in die Naam van Jesus, hulle kom tot bekering en die Heilige Gees word uitgestort en hulle begin in tale spreek waarmee hulle God verheerlik.

Hand. 19:1 tot 6; Paulus tref twaalf volgelinge van Jesus in Efese aan wat gered was, maar nog nie gedoop is in die Heilige Gees nie. Hy bid vir hulle en hulle word vervul en spreek in tale en profeteer.

In al hierdie gevalle is daar eers bekering as `n afsonderlike gebeurtenis, en dan volg die vervulling met die Heilige Gees as `n tweede ondervinding. Bekering en vervulling met die Heilige Gees is nie net twee afsonderlike ondervindings nie, maar hulle het ook elkeen `n afsonderlike doel. Bekering is die ondervinding waar die nie-

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl 1 - Die Invulling van die Heilige Gees ..)

Christen vir Jesus erken as sy Verlosser en Here, terwyl die vervulling met die Heilige Gees die ondervinding is waar die Christen krag ontvang om meer effektief vir Jesus te wees.

Toe jy vir Jesus Christus aangeneem het as jou Verlosser en Here omdat Hy vir jou die volkome Soenoffer op Golgota gebring het, het jy dit IN DIE GELOOF gedoen. Jy het nie die Kruisiging bygewoon nie: JY HET BLOOT GEGLO dat jy nou gered is en dat jou sonde vergewe is – niks tasbaars of fisies het gebeur nie. Toe jy gevra het, het Hy Sy Woord gestand gedoen, jy het dit aanvaar en jy het Hom gedank. Daar was min of miskien selfs geen gevoel of emosie by betrokke nie. Ons hele geestelike lewe berus op glo – geloof. **Heb. 11-1: Geloof is `n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, `n BEWYS VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE. Heb. 11:6: En SONDER GELOOF IS DIT ONMOONTLIK OM GOD TE BEHAAG want Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en `n beloner is van die wat Hom soek. Gal. 3:14: dat ons die belofte van die Gees DEUR DIE GELOOF KAN ONTVANG.**

Geloof is ook noodsaaklik om met die Heilige Gees gedoop te word, want weereens is daar nie noodwendig emosie en gevoel nodig nie, soos baie mense dink nie. Jesus se laaste woorde in Mark. 16:17 was: **En VIR DIE WAT GEGLO HET, sal hierdie tekens volg …. Met nuwe tale sal hulle spreek.**

Maar laat ons vir eers hierdie deel van ons geselsie afsluit en weer terugkom by die eintlike praktiese stappe vir die ontvangs van die Heilige Gees. Solank dit baie duidelik in jou gemoed is dat jou redding die belangrikste stap was op hierdie pad saam met Jesus Christus, en dat diè stap, die vervulling met die Heilige Gees, ook uiters nodig is.

Onse Grote God wat dieselfde is van Ewigheid tot Ewigheid (Heb. 13:8) het `n belofte gemaak aan die mens in **Joël 2:28: En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees.** (Engels King James vertaling: **And it shall come to pass in the last days that I shall pour out My Spirit upon all Flesh).** Hierdie belofte is vervul op Pinksterdag (Hand. 2:1-4) en is nog beslis vir ons, in ons tyd, want uit alle kerke en denominasies soek God se Kinders na hierdie belofte, want hulle besef dat hulle *iets kortkom in hulle geestelike lewens.* God vul nog Sy kinders met Sy Heilige Gees en die gevolg is wonders en tekens soos in die Nuwe Testamentiese dae. Meer en meer lidmate en selfs leraars ontvang die vervulling met die Heilige Gees soos op Pinksterdag. Hulle spreek in ander tale, profeteer, bid vir die siekes, dryf duiwels uit en bewerk wonders volgens Jesus se laaste opdrag aan Sy Kerk in Markus 16 vanaf vers 15. God is nog altyd besig om die kragtige gawes van die Heilige Gees wat in 1 Kor. 12 genoem word, aan die ware Liggaam van Christus op aarde te gee. Net so laat die duiwel nie op hom wag nie en kom hy as ""n engel van die lig" en bring hy duiwelse leerstellings in die kerk (net soos Jesus ons gewaarsku het) en sien ons duisende uitverkorenes in totale misleiding. Net soos die towenaars van Farao (Satan) in die tyd van Moses, God se wonderwerke nageboots het, doen hy dit vandag nog. Ons moet bid soos nooit tevore dat die gawe van onderskeiding van geeste, een van die nege gawes van die Heilige Gees, in ons kerke in werking kom. Die hoofdoel van die doop in die Heilige Gees is om die gelowige toe te rus met KRAG (Hand. 1:8), sodat hy verlore gaandes *kragtig* kan bereik. Die wêreld is oorlaai met eenvoudige, armoedige, verwaarloosde mense wat soek na `n oplossing – die oes is ryp, want Jesus Christus was en is nog steeds die enigste oplossing vir die mens se probleme en die Heilige Gees is aan ons gegee om die Liggaam van Christus bevoeg te maak om hierdie Blye Boodskap aan die massas te bring – met krag en wonders.

Ons stagnante patroon en kragtelose kerklike metodes het net nie die trefkrag wat dit behoort te hê nie. Deur menslike leerstellings is dit beroof van die bonatuurlike, die Heilige Gees en Sy gawes en sodoende vind dit ook geen byval by die soekende menigtes nie. Deur die werking van die gawes van die Heilige Gees kan die LEWENDE JESUS wat ons dien, aan soekendes voorgehou word, wat die oplossing vir hulle probleme is. **Jesus het gesê: Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het my gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig (Luk. 4:18 en 19).**

Jesus het gesê: Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judèa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde (Hand. 1:8).

Jesus het ook gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom … en vir die wat glo sal hierdie tekens volg … (Mark. 16:15 en 17)

Ons is só geneig om God se werkinge altyd in die toekoms te sien. Ons sê *herlewing is oppad, God gaan `n wonderlike ding doen.* Dis tyd dat ons besef Hy is reeds besig om dinge in ons midde te doen, en as jy maar tevrede gaan wees om d.m.v. tradisionele wanleerstellings verblind te word en voort te gaan met jou afgewaterde godsdiens, gaan hierdie groot dinge van God by jou verby, en die keuse is joune of jy deel hiervan gaan wees of nie. God het twee duisend jaar gelede Sy Gees uitgestort op alle vlees.

Pinkster is nie `n denominasie of `n sekte nie, maar dis `n ondervinding met God. Die Liggaam van Christus is besig om te verrys dwarsoor kerklike skeidsmure, want alle soorte mense wat daarna verlang, word

(Vervolg op Bl. 6)

"..En VIR DIE WAT GEGLO HET, sal hierdie tekens volg ……. Met nuwe tale sal hulle spreek. Mark. 16:17

The Return of Jesus
Likened to Jewish Marriage Customs



"...just as the Jewish bridegroom took the initiative in marriage by leaving his father/s house and travelling to the home of the prospective bride, so Jesus left his father's house in heaven and travelled to earth, the home of His prospective Church, over 1900 years ago…"

Jesus promised His disciples in John 14:2-3: **In My Father's house are many mansions; if it were not so, I would have told you. I go to prepare a place for you. And if I go and prepare a place for you, I will come again and receive you to Myself; that where I am, there you may be also…..**

Those who live in the modern western world do not catch the full significance of Jesus' promise. This is due to the fact that in His promise Jesus was drawing an analogy from Jewish marriage customs in biblical times. Since this is so, those marriage customs must be examined if one is to grasp the significance of the promise.

The first major step in a Jewish marriage was bethrothal. Betrothal involved the establishment of a marriage covenant. By Jesus' time it was usual for such a covenant to be established as the result of the prospective bridegroom would travel from his father's house to the home of the prospective bride. There he would negotiate with the father of the young woman to determine the price (mohar) that he must pay to purchase his bride. Once the bridegroom paid the purchase price, the marriage covenant was thereby established, and the young man and woman were regarded to be husband and wife. From that moment on the bride was declared to be consecrated or sanctified, set apart exclusively for her bridegroom. As a symbol of the covenant relationship that had been established, the groom and bride would drink from a cup of wine over which a betrothal benediction had been pronounced.

After the marriage covenant had been established, the groom would leave the home of the bride and return to his father's house. There he would remain separate from his bride for a period of twelve months. This period of separation afforded the bride time to gather her trousseau and to prepare for married life. The groom occupied himself with the preparation of living accommodations in his father's house to which he could bring his bride. At the end of the period of separation the groom would come to take his bride to live with him. The taking of the bride usually took place at night. The groom, best man and other male escorts would leave the groom's father's house and conduct a torch light procession to the home of the bride. Although the bride was expecting her groom to come for her, she did not know the exact time of his coming. As a result the groom's arrival would be preceded by a shout. This shout would forewarn the bride to be prepared for the coming of the groom.

After the groom received his bride together with her female attendants, the enlarged wedding party would return from the bride's home to the groom's father's house. Upon arrival there the wedding party would find that the wedding guests had assembled already.

Shortly after arrival the bride and groom would be escorted by the other members of the wedding party to the bridal chamber (huppah). Prior to entering the chamber the bride remained veiled so that no one could see her face. While the groomsmen and bridesmaids would wait outside, the bride and groom would enter the bridal chamber alone. There in the privacy of that place they would enter into physical union for the first time, thereby consummating the marriage that had been covenanted earlier.

After the marriage was consummated, the groom would announce the consummation to the other members of the wedding party waiting outside the chamber (John 3:29). These people would pass on the news of the marital union to the wedding guests. Upon receiving this good news the wedding guests would feast and make merry for the next seven days.

During the seven days of the wedding festivities, which were sometimes called "the seven days of the huppah", the bride remained hidden in the bridal chamber. At the conclusion of these seven days the groom would bring his bride out of the bridal chamber, now with her veil removed, so that all could see who his bride was.

The Examination of the Analogy

Earlier it was stated that in His promise in John 14 Jesus drew an analogy from Jewish marriage customs in biblical times. Now that the marriage customs have been considered, it is essential that the analogy be examined. In what ways was Jesus' promise analogous with Jewish marriage customs? In the examination of the analogy the first thing that should be noted is the fact that the Scriptures regard the Church to be the Bride of Christ (Eph. 5:22-33). In addition, just as the Jewish bridegroom took the initiative in marriage by leaving his father/s house and travelling to the home of the prospective bride, so Jesus left his father's house in heaven and travelled to earth, the home of His prospective Church, over 1900 years ago.

In the same manner as the Jewish bridegroom came to the bride's home for the purpose of obtaining her through the establishment of a marriage covenant, so Jesus came to earth for the purpose of obtaining the Church through the establishment of a covenant. On the same night in which Jesus made His promise in John 14 He instituted communion. As HE passed the cup of wine to His disciples, He said: "This cup is the new covenant in my blood" (NASV, 1 Cor. 11:25). This was His way of saying that He would establish a new covenant through the shedding of His blood on the cross. He instructed the church that as often as they partook of this cup and this wine, they proclaimed His death until He came.

(Continued from page 3 - The return of Jesus)
(obviously to fetch His bride)

Parallel to the custom of the Jewish groom paying a price to purchase his bride, Jesus paid a price to purchase His Bride, the Church. The price that He paid was His own lifeblood. It was because of this purchase price that Paul wrote the following to members of the church: "do you not know… that you are not your own? For you have been bought with a price; therefore glorify God in your body" (NASV, 1 Cor. 6:19-20).

Analogous with the Jewish bride being declared to be sanctified or set apart exclusively for her groom once the marriage covenant was established, the Church has been declared to be sanctified or set apart exclusively for Christ (Eph. 5:25-27; 1 Cor. 1:2, 6:11; Heb. 10:10; 13:12).

In the same way that a cup of wine served as a symbol of the marriage covenant through which the Jewish groom obtained his bride, so the cup of communion serves as the symbol of the covenant through which Christ has obtained the Church (1 Cor. 11:25)

Just as the Jewish groom left the home of his bride and returned to his father's house after the marriage covenant had been established, so Jesus left the earth, the home of the Church, and returned to His Father's house in heaven after He had established the new covenant and risen from the dead (John 6:62; 20:17).

In correspondence with the period of separation between the Jewish groom and bride, Christ has remained separate from the Church for over 1900 years. The Church is now living in that period of separation.

Parallel to the custom of the Jewish groom preparing living accommodations of his bride in his father's house during the time of separation, Christ has been preparing living accommodations for the Church in His Father's house in heaven during His separation from His Bride (John 14:2)

In the same manner as the Jewish groom came to take his bride to live with him at the end of the period of separation, so Christ will come to take the Church to live with Him at the end of His period of separation from the Church (John 14:3).

Just as the taking of the Jewish bride was accomplished by a procession of the groom and male escorts from the groom's father's house to the home of the bride, so the taking of the Church will be accomplished by a procession of Christ and an angelic escort from Christ's Father's house in heaven to the home of the Church (1 Thess. 4:16).

Analogous with the Jewish bride not knowing the exact time of the groom's coming for her, the Church does not know the exact time of Christ's coming for her.

In the same way that the Jewish groom's arrival was preceded by a shout, so Christi's arrival to take the Church will be preceded by a shout (1 Thess. 5:16).

Similar to the Jewish bride's return with the groom to his father's house after her departure from her home, the Church will return with Christ to His Father's house in heaven after she is snatched from the earth to meet Him in the air (1 Thess. 4:17; John 14:2-3).

In the same manner as the Jewish wedding party found wedding guests assembles in the groom's father's house when they arrived, so Christ and the Church will find the souls of Old Testament saints assembled in heaven when they arrive. These souls will serve as the wedding guests.

Parallel to the custom of the Jewish groom and bride entering into physical union after their arrival at the groom's father's house, thereby consummating the marriage that had been covenanted earlier, Christ and the Church will experience spiritual union after their arrival at His Father's house in heaven, thereby consummating their relationship that had been covenanted earlier.

In correspondence with the Jewish bride remaining hidden in the bridal chamber for a period of seven days after arrival at the groom's father's house, the Church will remain hidden for a period of seven after arrival at Christ's Father's house in heaven. While the seven year Tribulation Period is taking place on the earth, the Church will be in heaven totally hidden from the sight of those living on the earth.

Just as the Jewish groom brought his bride out of the bridal chamber at the conclusion of the seven days with her veil removed, so that all could see who his bride was, so Christ will bring the Church out of heaven in His Second Coming at the conclusion of the seven year Tribulation Period in full view of all who are alive, so that all can see who the true Church is (Col. 3:4).

The Significance of the Analogy

This analogy between Jewish marriage customs and Christ's relationship to the Church is very beautiful, but what practical significance does it have for today?

The answer to this question is twofold. First, if you have never taken Jesus Christ personally to be your Saviour from sin and sickness, it has great significance for you. Christ came to this earth and died on a cross for the purpose of paying the penalty for your sins. Through the shedding of His blood He paid the price necessary to purchase you to be part of His Bride, the Church. He thereby established a new covenant through which you can enter into a special relationship with Him.

Every time the gospel of Jesus Christ is declared to you, Christ is proposing that you enter into this special relationship with Him. In essence He is saying to you: **I, Jesus, take thee, sinner, to be My Bride. And I do promise and covenant before God the Father and these witnesses, to be thy loving and faithful Saviour and Bridegroom; in sickness and in health, in plenty and in want, in joy and in sorrow, in faithfulness and in waywardness, fro time and for eternity.**

Just as the proposal that the Jewish bridegroom made could be accepted or rejected, so Christ's proposal to you can be accepted or rejected. If you reject it throughout this lifetime, then you never will be rightly related to Jesus Christ. The tragic result will be that you will spend eternity separated from God and Christ in the eternal lake of fire (Rev. 20:11-15).

If, however, you accept Christ's proposal, then your sins will be forgiven, and you will enter into that relationship that makes you part of His Bride, the Church. In addition, you will go to be with Him when He comes to take the Church, and you will remain with Him forever in great blessing. The way in which you can accept Christ's proposal is quite simple. If you sincerely believe that Jesus Christ is the Son of God and that He came to this earth, died for

(Continued on page 8)

<u>BOEKE EN BANDE</u>—Indien u 'n lys van ons boeke en bande benodig kontak ons asseblief

HOE OM TE BESTEL: Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

SPESIALE WOORD VAN DANK

Vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, weens die onbetroubare posdiens Elke brief wat ons ontvang, word beant-



NEW ENGLISH BOOK

Book No. 64 –

<u>THE CHRISTIAN AND JOB</u>

compiled by Dr J J van Zyl

Sets the record straight regarding the Biblical facts concerning Job.

Obtainable from the Stanger Christian Centre @ R8.00 each

NEW TAPES AVAILABLE

<u>The Simplicity of the Gospel</u>—

Dr James Van Zyl

<u>The Significance of the Passover</u> –

Pst. David Gericke

Available at R10 per tape

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

17 Junie en 15 Julie

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

uit dr james se kantoor

Geliefdes in Jesus,

Dit is waarlik onverklaarbaar hoe God vanaf die begin van die mensdom so akuraat en vertroubaar was deur Sy Woord, en die hele toekoms van die mensdom vooruit bevestig het deur profesieë nl. 5000 – 6000 ingetal. Die kanse vir soveel profesieë om in die detail te vervul word wat God vooraf bepaal het, is menslik onbepaalbaar. Al die sterre in die heelal en al die druppels water in die oseane kom nie eers naby die breukdeel nie, volgens die wet van veelvuldige moontlikhede. Hy het ons die versekering gegee dat Hy Homself as die Enige, Ware God sal bewys, deur ons vooraf die toekoms in detail te voorspel, "Ek vertel dit nou sodat wanneer dit gebeur sal julle weet dat Ek God is." Verder sê Hy: "Sal Ek dit sê en nie doen nie?" In geen ander godsdiens is daar nie eers een profesieë wat hulle "god" kan bevestig nie. God vertel die mense van die Ou Testamentiese tyd wat Hy van hulle verwag, dit was absolute gehoorsaamheid, en dan vertel Hy ons van 'n Nuwe Verbond wat Hy aan die mensdom sal skenk deur Sy enige gebore Seun wat die onbegryplike prys sal betaal deur Sy Bloed (vir ons sondes) en Sy gebreekte Liggaam (vir ons siektes) en dit vir elkeen in die hele wêreld wat hierdie verbond sal sluit met God deur Sy opdragte in gehoorsaamheid na te kom. Die Woord staan vir ewig vas, en ons sal niks toevoeg of wegneem nie. Hierdie opdragte is saamgevat in Markus hoofstuk 16 (lees gerus vanaf vers 15) nl. om te glo dat Jesus die prys betaal het (die Goeie Nuus). Die doop (onderdompeling) van diè wat geglo het (vers 16: **Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word**) en die mag wat aan ons gegee is in die Naam van Jesus oor die demoniese magte van die wêreld, nl. die krag met die doping in die Heilige Gees en al die nodige gawes van die Heilige Gees om in die stryd te oorwin. En dan die wonderlike belofte oor die genesing van siekes. Die aand voordat Jesus gekruisig is, het Hy ons gemaan om dikwels hierdie ewige waarhede in herinnering te bring, nl. Sy Liggaam wat vir ons gebreek was en Sy Bloed wat vir ons verlossing en vergifnis betaal het.

Elke gelowige word deur God gemaan om hierdie feite aan die ganse mensdom bekend te maak. Dit is my vraag, doen ons dit wat Jesus beveel het of is ons soos diè wat Jesus na verwys het toe Hy gesê het "julle noem my Here, Here en julle doen nie wat ek sê nie. As julle My lief het sal julle my opdragte nakom." Die tyd is min, maar daar is altyd nog tyd om siele vir sy Koninkryk in te samel. Ons moet volhard!

Baie dankie vir al julle liefde en ondersteuning. Mag die Here julle baie ryklik seën.

Baie liefde groete

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die invulling van die …)
gedoop in die Heilige Gees. Dis asof ons God se Heerlike Voetstappe hoor, die geruis van Sy Mantel: Hy kom om Sy Kinders vry te maak van tradisie en uit te stuur, gevul met die bonatuurlike krag van Sy Gees om uit te reik na 'n verlore gaande wêreld.

Maar nou is Satan ook baie listig en hy sus ons kerkmense met die gedagte dat hulle liewer alleen gelaat wil word, want hierdie leer van die doop in die Heilige Gees kom net hulle rustige kerkpatroontjie omkrap en verwar. Wel, dit was ook so in Jesus se tyd, want kort nadat Jesus Self gedoop is in die Heilige Gees en in die sinagoge gepreek het, het 'n man wat 'n onreine godsdienstige gees gehad het, opgespring met die uitroep: HOU OP! (Mark. 1:24)

Vandag nog wil mense nie gesteur word nie. Die Bybelboodskap van die vervulling met die Heilige Gees, die spreek in tale, tekens en wonders, Jesus Christus wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, ontstel mense en ontwrig hulle *fatsoenlike lewenswyse* wat *kerk-speel* insluit, en hulle skreeu maklik vir jou: HOU OP!

In my eie wandel met die Here, was tale dikwels 'n struikelblok gewees, want dit is miskien een van die gawes wat die duiwel die meeste haat - omdat God gesê het as ons nie weet wat of hoe ons moet bid nie, sal die Heilige Gees deur ons bid - wat die perfekte gebed vir die situasie sal wees,, en die duiwel kan dit nie verstaan nie. Met ons wandel met die Here sal ons vroeër of later die vermoë verkry deur die gawe van onderskeiding van geeste, te onderskei of die duiwel probeer om die gawe van tale probeer naboots, soos hy al die ander gawes kan naboots bv. Profesieë (valse profete), wonderwerke en genesing (toordokters) ens.

'n Broeder het onlangs by my gekla dat hulle kerk besig is om leeg te loop en dat hy self niks meer kry uit die leraar se boodskappe nie. Toe, so gesels-gesels vra ek hom onder andere 'n paar vrae: Het iemand al ooit 'n boodskap van God in tale gebring by een van julle dienste? *Nee, nog nooit. Baie van ons gereelde kerkgangers weet seker nie eers dat so-iets bestaan nie.* Wat van ander manifestasies van die Heilige Gees – 'n profesie, 'n woord van wysheid, of miskien 'n wonderwerk van genesing? *Nee, o nee. Afgesien daarvan dat ons van die kansel af geleer word dat hierdie dinge in ons dae sektaries is, is daar nie eers geleentheid vir sulke dinge om plaas te vind nie.* Hoe bedoel jy nou? *Wel, ons diens volg 'n vasgestelde patroon Sondag nà Sondag en ons weet presies net wanneer ons moet sit en opstaan en watter lied om nou te sing, en wanneer die kollekte opgeneem word – daar is nie eers geleentheid vir 'n ander mens om iets te sê nie behalwe die leraar, wat nog van die Heilige Gees!*

My hart het uitgegaan na hierdie man en ek weet daar is duisende soos hy dwarsoor ons land wat opgegroei het in 'n kerk en eintlik is die kerk deel van hulle hele lewenspatroon, maar die LEWENDE JESUS en die HEILIGE GEES ken hulle nie, want hulle was nooit hiervan geleer nie. Wanneer God se Gees dan in hulle begin roer en hulle laat besef dat daar vir die Kind van God BAIE MEER is as wat hulle tot dusver beleef het, dan sit hulle vas in hierdie *kerk* wat 'n *geestelike gevangenis* geword het.

Maar, loof die Here, meer en meer van hierdie mense se dors word verskerp deur God self en as hulle waarlik geestelik dors is, begin hulle soek, en o! God laat Hom gretiglik vind! Hoor wat sê Hy: **En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: AS IEMAND DORS HET, LAAT HOM NA MY TOE KOM EN DRINK! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê VAN DIE GEES WAT DIE SOU ONTVANG WAT IN HOM GLO, want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie (Joh. 7:37 tot 39). Aan DIE DORSTIGE sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet (Openb. 21:6).**

'n Persoon wat nog nooit gedoop is in die Heilige Gees nie, is werklik arm. Want dieselfde Heilige Gees wat Jesus sulke magtige dade laat doen het, wat Jesus selfs uit die dood opgewek het, wil jou ook instaat stel om nie net kragtig met jou mond vir Jesus te getuig nie, maar ook om wonderwerke te doen. **Joh. 14:12: Wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen …..**

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei … Hy sal uit dit neem wat aan my behoort, en aan julle verkondig (Joh. 16:13 en 14).

Wanneer ons vervul is met die Heilige Gees, vertoon Hy Jesus aan ons. Die Gees van God verheerlik die Here Jesus Christus. Dis die rede waarom ware Geesvervulde Kinders van God anders praat en dikwels anders preek, want die Heilige Gees het vir hulle die BYBELSE JESUS laat sien. Hulle sien nie meer langer die Jesus van hulle denominasie wat Sy krag om te red en te verlos, verloor het nie, maar hulle sien die MAGTIGE SEUN VAN GOD WAT DIESELFDE IS GISTER, VANDAG EN TOT IN EWIGHEID (Heb. 13:8). DIE KONING VAN KONINGS WAT VANDAG NOG RED, VERLOS EN GENEES.

Jesus het die evangelie aan die armes gebring, genesing vir die siekes, vrymaking van geestelike gevangenes, verlossing vir die wat deur Satan gebind is. Jesus het dit alles gedoen deur DIE SALWING VAN DIE HEILIGE GEES. Toe die eerste dissipels gedoop is in die Heilige Gees, kon hulle dieselfde doen *en dis ook vir jou bedoel as jy gehoorsaam is.*Sonder die vervulling met die Heilige Gees getuig ons van ons kerk, praat van ons leraar, ons koor, ons nooi mense na ons dienste en dink dis EVANGELISASIE. Dis alles baie mooi, maar dis nie waarvoor God se Gees ons krag gee nie. Hy vul ons om te PRAAT EN TE GETUIG VAN JESUS! En sommer gedurig ook.

Baie godsdienstige mense hou nie van hierdie LEWENDE GETUIES nie, want hulle praat dan al die tyd net van Jesus. Hoekom? Want die krag van die Heilige Gees in hulle lewens kla die ander aan vir hulle louheid en laat hulle ongemaklik voel.

Hierdie doop in die Heilige Gees, òf vervulling met die Heilige Gees, geliefde, is DEEL VAN JOU ERFENIS as 'n Kind van God. Want God wag

(Vervolg op Bl. 8)

UIT ONS POSSAK



Dit is altyd 'n voorreg om aan u en almal wat saam met u in diens van die Here is te skryf. Die Here is wonderbaarlik goed vir my. Ek wil ook net getuig van SY liefde en goedheid. Die Her het my genees en ek het geen pyn meer van seer kliere nie. Ek dank en loof Hom daarvoor!

Mev Y Botha, Kiepersol

Ek groet julle almal in die wonderlike naam van ons Here Jesus Christus. Vyf maande gelede het ek vir 'n voorbidding gevra vir 'n baba. En ek wil net al die eer gee aan die Hemelse Vader vir die wonderwerke, ek was gister by die dokters en ek is swanger. Ek sê net baie dankie vir al die gebed!! Baie liefde en groete aan almal by die sentrum.

Mev M Naobes, Namibia

Groete in die Naam van Jesus. Ek het Donderdag gebel dat u moet bid vir Liesl wat baie ernstig siek was die afgelope drie weke . Sy kon niks eet nie en het 'n erge virus in die ingewande gehad, en het ook al begin ontwater. Nadat u Vrydag die 25/3 biduur gehou het, het daar onmiddellik beterskap ingetree. Sy het begin eet en alles ingehou. Vandag drie dae later, is sy 'n ander mens. Haar moeder, my klein niggie, het gevra dat ek aan u moet skryf en baie dankie sê. Die gebede was geantwoord!! Prys die Here!

Baie dankie, groete en seënwense,

Mnr en Mev G Goosen, Linton Grange.

Dit is met groot blydskap in my hart dat ek vandag vir u wil laat weet dat die gebede van u vir my baie beteken het. In 1980 het u vir my en my baba gebid. Ek was swanger met haar. Sy was my sesde swangerskap. Ek het 4 babas verloor nadat u vir ons gebid het, was sy die enigste baba wat enduit behoue gebly het. Sy is vandag 'n pragtige mens van 25 jaar oud.

In 2000 is my kleindogter Anzelle, met 'n defekte heup gebore. Na u gebede het sy heeltemal genees. Sy loop normaal. In 2004 het u weereens vir my broer se baba gebid. Hy het 'n groot hart operasie gehad op vier maande. Die kardioloog bevestig dat hy heeltemal gesond is. Is dit nie wonderlike nie?

Mev P Zchoeman, Potchefstroom

Ons wil net 'n getuienis deel met julle. Woensdag middag nadat ek vanaf die werk gekom het, vertel my vrou my dat ons dogtertjie Mercy net skielik siek geword het. Sy het vir 'n oomblik flou geword. Aangesien ek nie hier was nie, het sy haar gesag geneem en Satan se aanslae weerstaan in verband met geloofs gebed en om in tale te bid. Mercy het toe in oomblik van haar gebed normaal geword. Toe ek by die huis kom was sy nog koorsig, en het 'n pyn op haar maag gehad. Ek het toe voort gegaan en Psalm 91 verklaar, Psalm 103 en Psalm 23. Voort gegaan om in tale te bid en geloofsverklaringe uitgespreek. Binne een en 'n half uur het sy volkome herstel. Baie dankie vir u liefde en geestelike krag d.m.v. julle gebede.

Mnr I Brown, Middelburg

Ek het in verlede jaar 'n gebedsversoek gerig, gevra dat julle sal intree vir my. Ek het vir baie jare gesukkel met 'n probleem vel wat geen pil of room kon genees het nie. Ek het met 'n pyn in my linkerarm geloop wat dit onmoontlik gemaak het vir my om my arm hoër as middelhoogte op te lig, of na agter buig. En ek kon skaars die koffieketel optel. Maar God is getrou, Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Deur die wonde van Jesus het daar vir my genesing gekom. My vel is volkome genees, en ek kan my arm weer hoog bokant my kop oplig en so vir Jesus te prys!. Ek wil ook dankie sê vir die gebede vir my broer Eddie, van Bloemhof. Ek het begin Februarie gebel en gebed vir hom versoek, nadat 'n knop uit sy bors gesny is, en weggestuur was vir ontleiding. Die resultate het terug gekom en die uitslag was negatief! Dit was net 'n vergroeisel. Sy genade is vir ons genoeg. Alle lof en eer en dank kom Hom toe. Hy Is waardig om geprys te word! Vrede, seën en baie Jesus liefde vir julle.

Mev L van Wyk, Bloemfontein

Die Here het my man, Herman se rug en bene volmaak genees! Die lamheid is weg! Ek kan nie ophou om Vader te loof en te vertel nie. Ons Vader se genade is oneindig en Sy liefde onbeskryflik! Die Here Jesus seën elkeen van julle. Liefdegroete.

Mnr en Mev H du Preez, Ceres

"...My vel is volkome genees, en ek kan my arm weer hoog bokant my kop oplig en so vir Jesus te prys!"

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Die Invulling van die Heilige Gees)

om jou te seën! `

(Kry ons boek Ondervind die Heilige Gees)

(Continued from page 4 - The return of Jesus)

your sins and rose from the dead, then respond to Him as follows: **I, sinner, take Thee, Jesus to be my Saviour…. And I do promise and covenant before God and these witnesses to be Thy loving and faithful Bride; in sickness and in health, in plenty and in want, in joy and in sorrow, for time and for eternity.**

Second, the analogy is most significant also for those who have taken Christ to be Saviour. During the time of separation between the establishment of the marriage covenant and the coming of the bridegroom to take his bride, it was possible for the Jewish bride to commit adultery by giving herself to another man. In like manner it is possible for believers today to commit spiritual adultery against Christ before He returns to take His Church. Paul expressed concern over this possibility when he wrote the following to Christians: **For I am jealous for you with a godly jealousy; for I betrothed you to one husband, that to Christ I might present you a pure virgin. But I am afraid, lest as the serpent deceived Eve by his craftiness, your minds should be led astray from the simplicity and purity** of devotion **to Christ (NASV, 2 Cor. 11:2-3).**

James expressed the same concern when he rebuked Christians as follows: "You adulteresses, do you not know that friendship with the world is hostility toward God? Therefore whoever wishes to be a friend of the world makes himself an enemy of God" (NASV, James 4:4) The context of Jame's statement indicates that spiritual adultery is committed when a believer becomes more devoted to the godless world system and the things that please it than he is to Jesus Christ and the things that please Him.

If you are a believer, honestly evaluate your devotion to Jesus Christ. Do you love Him as much now as when you took Him to be your Saviour? Is He truly he Center of your existence, the One who gives your life its meaning and purpose? Is your every attitude, action and life-style motivated and controlled by your devotion to Jesus Christ, or by a desire to have friendship of the world system in which your live?

If you have been unfaithful to your heavenly Bridegroom, confess this to Him and be assured that even "If we are faithless, He remains faithful; for He cannot deny Himself" (NASV, 2 Tim. 2:13).

Then trust the Holy Spirit to renew your devotion as you wait for your heavenly Bridegroom to come at any moment. H